OORGEGEE

OM LUIDKEELS TOT SY EER TE LEEF

OORGEGEE

OM LUIDKEELS TOT SY EER TE LEEF

Retief Burger

SCB
STRUIK CHRISTELIKE BOEKE

Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie,
maar aan u Naam kom die eer toe.
– Psalm 115:1 (1983-vertaling)

Inhoud

Inleiding ix
1. Oorweldig 1
2. Oorbegin 19
3. Oorgenoeg 37
4. Oorgeneem 61
5. Oorval 79
6. Oorwinning 97
7. Oor en oor 115
8. Oorvertel 137
9. Oorloop 161
10. Oorverdowend 179

INLEIDING

Die reis na oorgee

Dit was Junie 1997 – my matriekjaar. Ek het drie jaar vantevore my lewe aan die Here oorgegee. Ek was nog altyd die 'hoofseun'-tipe en het oral waar ek kon gehelp om leiding te neem. Dit was ook so in my verhouding met die Here. Ek het 'n begeerte gehad om vir die Here te werk, die wêreld te bekeer en my talente vir sy koninkryk te gebruik. Só passievol was ek oor my geloof dat ek die dag toe ek finaal besluit het om nie 'n veearts te word nie, vir my ma die volgende as rede gegee het: 'Ma, ek kan nie honde na die Here toe lei nie!'

Hoewel my motiewe vir koninkrykswerk heel moontlik toe nog baie suiwer was, het ek reeds baie subtiel die dryfkrag van prestasie gevoel. Doen, doen, doen. Wat kan ek vir die Here doen? Wat het ek verkeerd gedoen? Wat kan ek beter doen?

In hierdie toestand – geestelik uitgeput, deurmekaar en moedeloos – het ek daardie Junie by die Josua-konferensie opgedaag. Duisende jongmense van regoor die land het by Beulapark in Johannesburg saamgetrek vir 'n fees der feeste. Almal wat bekend was in geestelike kringe was daar. Louis Brittz het die aanbidding gelei en die opwinding van hierdie nuwe beweging was aansteeklik. Die gevoel, die mense, die Woord, die passie … dit was ongelooflik. Dit was iets wat ons land nog min gesien het en ek glo daardie geleentheid het 'n enorme langtermyn-invloed op ons land se geestelike geskiedenis gehad. Baie van ons huidige jong kerkleiers kom uit daardie era. En iewers tussen die duisende jongmense was daar 'n verwarde, lang, puisie-bevlekte jongman wat na die Here gesoek het – ek.

Vir vier lang dae het ek saam met 'n berader (sy naam was Weitz, as

ek reg onthou) geworstel om agter die kap van die byl te kom. Daar was net nie vrede tussen my en God nie. Terwyl ek gesing het, was daar ’n muur tussen my en Hom, en ek kon net nie deurbreek nie. Ek het alles probeer dóén. (Daar is daardie woord al weer …) Ek het elke moontlike ding bely, gevas en gebid. Noem maar op – ek het dit probeer. Niks wou werk nie. Terwyl almal rondom my ’n wonderlike ontmoeting met die Here gehad het, het ek gefrustreerd uit elke sessie gestap … tot die tweede laaste dag van die konferensie.

Dit was ’n Donderdag en dit was winter. Ek onthou dit soos gister – ’n oomblik in my lewensloop toe alles in my verander het; ’n ervaring wat in alle opsigte die grondslag vir my bediening gelê het. Tydens die ontbyt daardie winteroggend het die liewe (en geduldige) Weitz my vir oulaas gesien. Ons het agter die sinkgebou waar die kos opgeskep is, in die warm wintersonnetjie gaan sit. My hart was nog swaar, want ek het met alles in my na die Here gesmag. Ons het rustig gepraat. Eers hierdie kant toe en dan daardie kant toe, maar niks het gewerk nie. Ek onthou hy het stil geword en toe met ’n glinstering in sy oë vir my gesê: ‘Retief, kom ons vra vir Jesus wat Hy van jou wil hê.’

Wow! Hoe kon ons daardie een gemis het? Hoekom so lank sukkel sonder om die Een oor Wie alles gaan, self te vra? Ek het my oë gesluit en van alles en almal rondom my vergeet. Ek het in my geestesoog gesien hoe Jesus daar in die wintersonnetjie reg langs my kom sit. Ek het Hom in die oë gekyk en saggies gevra: ‘Jesus, wat wil U van my hê?’ Ek moet eerlik sê dat ek baie verskillende vrae van Hom verwag het. Groot vrae, gewigte vrae, Koninkryksvrae, belydenisvrae, ‘Sal jy na die nasies toe gaan?’ -vrae. Maar Hy het dit nie vir my gevra nie. Nie naastenby nie. Sy vraag was eenvoudig, amper té eenvoudig, maar dit het my hart vir ewig aan Hom verbind.

‘Retief, ek wil net hoor hoe jy sê jy is lief vir my. Sal jy dit vir my sê?’

My hart het oopgebars. Ek het gehuil en gehuil. Die Koning van die heelal wou my liefde hê. My eenvoudige liefde. Niks groots nie, niks om vir Hom te doen nie. Hom net liefhê. Net liefhê. Terwyl ek hier skryf, kan ek amper die emosies van daardie wintersdag proe. Dit was soet, so soet toe my gebroke aardse liefde die Ewige Liefde se hart aangeraak het. Ek het as ’n ander mens van daardie stukkie aarde af opgestaan. ’n Beminde. ’n Bruid. En net daar het my reis van oorgee begin. Om meer as enige iets anders eerstens aan liefde oor te gee …

En dít is waaroor hierdie eenvoudige boek gaan. Dit gaan oor oorgee. Ons het almal iets om te gee, maar ons het ook altyd die keuse of ons dit wil gee. Party van ons klou so aan die tydelike vas dat ons nie bereid is om ons wit vlag van oorgawe te laat wapper nie. Party van ons sukkel om te vertrou en daarom wil ons nie oorgee nie. Party van ons dink so min van onsself en ons waarde dat ons ten diepste nie glo ons het iets om te gee nie. Veral nie vir God nie en veral nie liefde nie.

Maar ek wil jou uitnooi om deur hierdie paar gebroke blaaie van ’n doodgewone mens se lewensreis te blaai en saam met my oor te gee. My stories is eenvoudig en my lewe ver van perfek, maar my gebed is dat jy dit sal lees en God se genade oor alles geskryf sal sien. My wens is dat dit jou sal help om na ’n dieper dimensie van vertroue te beweeg, sodat ons saam ’n Vader sal leer ken wat ons nooit dwing om oor te gee nie. Ontdek saam met my dat totale oorgawe en afhanklikheid die plek is waarvoor ons gemaak is, dat dit die plek is vanwaar ons veronderstel is om te leef.

Wat in hierdie bladsye staan, het nie sonder ’n gesonde mengsel vreugde, foute en trane gekom nie. Hoewel my storie hopelik ver van klaar geskryf is, bid ek dat jy daarmee sal kan identifiseer en opgewonde sal raak oor ’n nuwe toekoms van oorgawe. Alle oorgawe begin by liefde. Hy het gegee en daarom kan ons ook gee.

Mag jy by die begin begin en ook in sy oor fluister: ‘Ek het U lief, o Heer, ek het U lief.’ En mag jy dan vanuit daardie liefde die wit vlag van oorgawe styf vasgryp, dit stadig begin oplig en uiteindelik met vreugde en passie rondswaai sodat almal rondom jou kan sien Wie in jou hart heers en vir Wie se eer jy leef.

HOOFSTUK 1

OORWELDIG

HOOFSTUK 1

Oorweldig

Aanbidding begin nooit by die mens nie. Die lewe begin nie by ons nie. Gehoorsaamheid ook nie en liefde vir seker nie. Net so begin oorgee ook nie by ons nie. Is dit dalk moontlik dat feitlik niks by ons begin nie? Kan ons werklik uit ons eie iemand anders bo onsself liefhê of is daardie liefde ten diepste in ons harte deur Iemand uitgestort? 'n Rivier het altyd iewers 'n oorsprong. Wie is werklik die bron of oorsprong van die rivier van die lewe? Kom ons neem nog 'n paar treë terug en begin by die begin. Wie het eerste oorgegee? As ons mekaar in die volgende paar hoofstukke wil aanmoedig om oor te gee, moet ons eers hierdie vraag kan antwoord.

Iemand het my eenmaal gevra waaroor ek dink Kersfees gaan. Ek het lank gestaan en wonder en toe die volgende woorde onthou: 'Hy het gegee.' En dit was my antwoord. *Hy het gegee.* Dit is die kern van die evangelie. Hy het gegee. Hy het eerste gegee. God het nog altyd net sy beste gegee. Sy beste skepping, sy beste asem, sy beste voorsiening, sy beste Seun en sy beste ewigheid. Hy kon gekies het om alles vir Homself te hou. Hy kon gekies het om niks te gee nie, omdat Hy niks aan niemand verskuldig is nie. Maar Hy het besluit om te gee en Hy gee nog steeds.

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
>
> – Johannes 3:16 (1933-vertaling)

Baie keer in my lewe moes ek al tot in die laatnag met die Here se wil stoei. Ek weet nie of jy ook al sulke 'Jakob-gevegte' met God gehad het wanneer geen mens jou antwoorde kan gee nie en jy letterlik voel jy veg met God. Dit is asof twee swaargewigboksers mekaar met mening in die kryt pak en die aankondiger hulle bekendstel: 'Dames en here, vanaand in die blou hoek … die uitdager: die wil van Retief Burger! En in die rooi hoek … die onoorwonne, alombekende kampioen van al die eeue: die wil van God!'

Ons weet almal wie altyd op die ou einde wen. Ja, ek mag dalk vir 'n tyd lank my eie wil volg, my kop stamp en dan vir Hom kwaad wees, maar uiteindelik wen Hy altyd. Hoewel ek menslik gesproke 'verloor', het ek deur die jare geleer dat ek in so 'n situasie ook eintlik altyd die wenner is. God se wil in my lewe beteken in elk geval dat ek ook wen.

Wat my wel deur hierdie moeilike tye sien, is om te onthou dat Jesus ook eenmaal so 'n geveg moes deurstaan. Die twee bekendste tuine in die geskiedenis was die bokskryte vir die grootste wilsgevegte wat ooit geveg is: In Eden het die eerste Adam en in Getsemane het die tweede Adam met God geveg. Een het gekies om eerder sy eie wil te volg en Een het God se wil gehoorsaam, Homself gegee en so die mensdom kom red.

Om te antwoord

As aanbiddingsleier het ek mense jare lank bedien vanuit die veronderstelling dat aanbidding iets is wat by ons begin. Eendag sit en luister ek na een van my mentors en goeie vriende, Rick Moser, en net daar het my hele begrip van aanbidding heeltemal omgeswaai. Ek het daardie dag by Rick geleer dat ware aanbidding nooit by ons begin nie. Dit begin altyd by die openbaring van God. Laat my verduidelik: Dink 'n bietjie aan die mooiste ding wat jy nog ooit in jou lewe gesien het. Dalk was dit 'n sonsondergang iewers langs die see, dalk die geboorte van jou eerste kind. 'n Nuwe motor of 'n bruid op haar troudag.Wat was jou eerste, spontane reaksie toe jy dit gesien het?

Ek het onlangs so 'n oomblik tussen die groen heuwels van Wallis beleef. Ek het die SA Gemeente in Londen 'n week lank bedien en het daarna Wallis toe gegaan. Ek kan nie onthou wanneer laas ek sulke

asemrowende natuurskoon beleef het nie. Die groot oomblik was egter in die Snowdonia-berge. Ek het skielik oor 'n nekkie van 'n heuwel gery toe die mooiste vallei voor my oopbreek. Die Tal-y-Llyn-meer het voor my gelê! Die skoonheid het my so oorweldig dat ek byna 'n ongeluk gemaak het. Ek het seker vir twee minute onophoudelik geprewel: 'Wow, wow, wow, wow.'

En dit is presies wat aanbidding is. Ek 'sien' iets van God wat my asem wegslaan en al wat ek spontaan kan doen, is om in aanbidding te sê: 'Wow!' Soos die woorde van Matt Redman se liedjie lui: 'Worship starts with seeing You … our hearts respond to your revelation' (Matt Redman, © 2004. *Seeing You.* [Eastbourne, East Sussex, VK], Survivor Records).

Ek en jy kan slegs aanbid wat ons 'sien' en hoe meer ons van God 'sien', hoe meer wil ons Hom aanbid.

Dink 'n bietjie aan die woorde van nog 'n bekende liedjie: 'Open the eyes of my heart, Lord, open the eyes of my heart. I want to see You' (Paul Baloche, ©1997. Open the eyes of my heart. [Eastbourne, East Sussex, VK] Integrity's Hosanna! Music). Wat ons eintlik met hierdie woorde sing, is 'n gebed om meer van Hom in ons lewens te sien. En hoe groter die openbaring van God, hoe groter ons aanbidding!

Hy het gegee. Dit is die kern van die evangelie.

By Rick het ek ook geleer van die engele om God se troon wat aanhoudend sing: 'Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige.' Hoe kan hulle tot in alle ewigheid hierdie woorde bly sing? Dis nie asof hulle 'n woordeskat-probleem het nie. Hoekom bly hulle dan juis hierdie woorde herhaal? Wat beteken die woord 'heilig' en wat maak dit so 'n waardevolle woord dat dit oor en oor gesing kan word sonder om sy krag te verloor?

Die woord 'heilig' beteken 'om eenkant te sit, om afgesonder te wees', en dit is wat God van sy volk en kerk verwag. Die woord verwys egter ook na God self, waar dit ook beteken 'gans anders'. Iets wat nog nooit vantevore gesien is nie, iets nuuts. Kom ons dink vir 'n oomblik hieroor na. Die wesens om sy troon kyk na Hom en sê: 'Heilig, anders,' en dan kyk hul weer en sien iets nuuts in Hom raak en kan nie help om weer te sê: 'Heilig, anders' nie. 'n Duisend jaar later kyk hulle weer en sê weer:

'Heilig, anders'. So bly hulle sing: 'Heilig, heilig, heilig, anders, anders, anders,' omdat daar altyd meer van God is om te sien. Hy is dus nie drie maal heilig nie, maar heilig tot die ontelbaarste mag! Dag en nag bly hulle uitroep dat Hy heilig is. Hy is die bron wat aanhou water gee, die put wat nie 'n einde het nie. Daar is altyd meer. Meer om te sien, meer om lief te kry en meer om in aanbidding te antwoord. Aanbidding is dus doodeenvoudig ons antwoord op wat Hy ons van Homself wys. Hy wys eerste en dan antwoord ons. Hy gee eerste en dan gee ons.

Ek glo dat aanbidding baie meer is as net musiek, maar ek glo ook dat musiek en sang as deel van aanbidding baie keer verklap wat eintlik in ons harte aangaan. 'n Mens kan nie anders as om te wonder hoekom ons aanbidding (as dit deur musiek is) baie keer so vlak en flou is asof ons net liedjies sing om op te warm vir die preek nie. Dit voel soms asof ons rympies opsê wat ander mense oor Hom geskryf het. Ek glo dit kom alles neer op wat ons diep binne-in ons harte oor God glo, wie ons regtig dink is God. As ons dink Hy is klein, beperk en totaal verstaanbaar, sal ons aanbidding ook 'klein' wees. As ons kennis van God tweedehands en afgewater is, sal ons aanbidding dit reflekteer.

Ek het die voorreg om in baie kerke dwarsoor die land te bedien. Ek kan baie vinnig optel wanneer 'n gemeente in geloof leef en werklik glo dat God groot en alles is wat Hy beloof het. Ek kan op hulle gesigte en in hulle oorgawe sien dat hul openbaring van God nie klein is nie. Maar net so kom ek ook dikwels in kerke waar ek kan sien dat die mense eintlik min van Hom verstaan en nog maar min van sy grootheid 'gesien' het. Dit breek my hart, want ek weet daar is baie meer en ek weet dat God Hom graag aan ons wil openbaar.

Jeremia 29:11 is seker een van die bekendste verse in die Bybel. Daar beloof God die ballinge dat Hy 'n goeie toekoms van voorspoed vir hulle beplan. Hoewel hierdie vers al baie vir my beteken het, is dit eintlik die belofte in vers 13 wat my nog altyd na nuwe dieptes van aanbidding gelei het. Daar belowe God: 'En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart' (Jer 29:13, 1933-vertaling). Die belofte word in Lukas 11 bevestig: 'Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word' (Luk 11:9, 1983-vertaling).

Voordat ek en jy God vra om Hom aan ons te openbaar, moet ons glo dat Hy dit wíl doen. Dit sal 'n mens mos moedeloos maak as jy God begin 'soek' en Hy wegkruipertjie met jou speel. Gelukkig is Hy nie so nie. Hy wíl Homself aan jou en my openbaar, maar dan sal jy en ek ons vooropgestelde idees van Hom moet laat vaar. Dalk kom jy al lank saam met die kerk en het jy 'n bepaalde 'prentjie' van Hom gevorm en Hom selfs in 'n boksie geplaas. Alhoewel baie van hierdie 'prentjies' die waarheid oor Hom wys, kan ons nooit terugsit en dink ons het Hom nou uitgepluis nie. Mag ek jou vra om jou boksies 'n bietjie eenkant toe te gooi en Hom te vra om Hom aan jou te openbaar? Ons is baiemaal tevrede met tweedehandse openbarings, bedoelende dat ons Hom deur 'n dominee, 'n boek, 'n sanger of 'n selgroepleier leer ken. Maar God wil Hom eerstehands vir ons kom wys.

Wanneer ek en jy desperaat genoeg is om Hom self te soek en hierdie gebede te bid, sal God antwoord. Maar wees gewaarsku – dit sal maklik een van die gevaarlikste gebede van jou lewe wees. Moses het in die rotskeur gestaan toe hy 'n soortgelyke vraag gevra het: 'Wys my U heerlikheid.' En God het Homself gewys. In 2003 het ek ook hierdie einste vraag snikkend op my knieë gevra en wat 'n week later gevolg het, het my verstaan van God vir altyd verander.

Om saam met God te huil

Dit was April-vakansie en ek het die aanbidding gelei by die alombekende Winklespruit-kamp aan die Natalse Suidkus. Ek het destyds in Potchefstroom gewerk en ons gemeente se *band* saamgevat na die kamp toe. Leza Liversage, wat later op al die *Luidkeels*-albums saam met my gesing het, was deel van die span. 'n Goeie vriend en mentor van my, Johan Smit, was die kamp se geestelike leier en ons het die kinders een aand bedien oor persoonlike seer, verwerping en die hart van die Vader. Dit was wonderlik om te sien hoe die Heilige Gees kinders se lewens aanraak. Ek kon nie help om terug te dink aan die jaar toe ek ook daar gesit het en my lewe voor Hom oopgebreek het nie – meer daaroor later. Tog was daar kinders wat die oomblik gemis het en agter verskeie maskers weggekruip het. Dit was hierdie jongmense wat my aandag getrek

en my hart geruk het. Iewers in die bediening is ek gelei om die bekende lied, *Houtkruis*, te sing. Jy kon 'n speld hoor val. Toe ek by die reëltjie kom wat sê: 'Toe die spykers deur die bloed daardie houtkruis kraak', kon ek nie verder sing nie. Die volgende oomblik val ek op my knieë en begin onbedaarlik huil. Ek het nie geweet wat aangaan nie, maar ek kon nie keer wat met my gebeur nie. Dit het gevoel of al die emosies wat ek al ooit beleef het, op een slag uit my wou bars. Die damwal het gebreek. Ek het uit die saal gehardloop en iewers langs 'n boom in die sand gekniel. Arme Leza moes toe die aanbidding verder lei en ek onthou net daar was 'n klompie vriende wat my wou troos, maar ek het hulle vinnig weggestuur met die woorde: 'Los my, asseblief, die Here is besig met my.'

Wat daarna gebeur het, is moeilik om te beskryf. Daar langs die boom aan die oostekant van 'n klein sinkdaksaaltjie op Winklespruit het dit gevoel asof ek in die tuin van Getsemane is. Dit was asof die wêreld om my stilgestaan het en ek langs die Redder van die mensdom gekniel het waar Hy voor die grootste keuse van sy lewe gestaan het. En asof die Meester sy hart op 'n skrefie oopgemaak het, is ek toegelaat om iets kleins te voel van sy angs en vrees in daardie uur. Net 'n bietjie, net iets van die pyn, die alleenheid, die bloedsweet. Ek weet nie hoe om te vertel hoe alleen dit gevoel het nie. Ek onthou 'n uur het verbygegaan in wat soos oomblikke gevoel het. Terwyl ek 'sien' hoe Hy langs my bid, het die gesigte van verlore vriende en familielede voor my geflits. In daardie stadium het my broer nog nie die Here geken nie en het ek intens vir hom ingetree. En toe gebeur die verskriklikste ding ooit. Meteens het ons by Golgota gestaan. Jesus, so heilig en onskuldig, is aan die vloekhout vasgespyker sonder om 'n woord te sê. Soos 'n Lam na die slagpale geneem word, so het Hy alles met Hom láát gebeur. Alles was so intens en duidelik asof ek regtig daar was. Meteens was alles stil en toe roep Hy uit: 'Eli, Eli, lemá sabagtani?' (My God, my God, waarom het U My verlaat?) In my geestesoog het ek gesien hoe die Vader al huilende sy rug op sy Seun draai omdat Hy in daardie oomblik sonde geword het. Alles was skielik donker en Jesus het gesterf. Ek het myself meteens aan die ander kant van die toneel bevind en reguit na die Vader gekyk waar Hy met pleitende hande roep: 'Wat moet ek nog meer doen dat julle kan

sien hoe lief Ek julle het? Wat moet Ek nog meer doen? Wat moet Ek nog meer doen?' Ek was sprakeloos en stukkend. Hier reg voor my het die Skepper van die heelal gestaan en huil oor 'n wêreld wat nie kan sien nie. 'n Wêreld wat blind is vir die grootste liefdesdaad ooit en dan nog met gebalde vuis vir God beskuldig dat Hy hulle nie liefhet nie. Mense wat nie kan sien wie Hy werklik is nie. Ek kon nie anders as om saam met Hom te huil nie …

Toe ek weer bykom, lê ek op 'n bed in tannie Riekie en tannie Annette, die hoofberaders van die kamp, se kamer. Ek het vir ure opgekrul op die bed gelê terwyl die Gees my profetiese woorde gegee het vir ons land en ons generasie. Wat daardie aand gebeur het, sal ek my lewe lank onthou. Wat dit presies was, weet ek nou nog nie. Of ek soos Paulus in 'n geestesvervoering weggeneem is en of ek 'n visioen gehad het, weet ek nie, maar wat ek wel weet, is dat ek sonder enige beplanning of menslike invloed iets van die hart van ons Vader gesien het. Sy hart vir die mensdom, sy hart om ons weer met Homself te versoen. Die hart van 'n wagtende Vader. En niks kan dit verander nie.

Die volgende dag het ek broos en 'kaal' gevoel. Almal het geweet wat gebeur het en ek moes probeer verduidelik, maar ek kon nie eintlik nie. Omtrent 'n week later het die Here my herinner aan die gebed wat ek 'n week voor die kamp gebid het: 'Here, wys my wie U is en wys my asseblief u hart.'

Wat van jou?

Ek ken jou nie en weet nie waardeur jy al in jou lewe is nie. Ek ken nie jou teleurstellings in mense nie; nog minder jou teleurstelling in God. Dalk glo jy die wêreld skuld jou iets, dalk glo jy God skuld jou iets. Jy het dalk hierdie boek as geskenk gekry of dit uit nuuskierigheid gekoop omdat jy oor die oorgee-ding wonder. Dalk luister jy al jare na *Luidkeels* se musiek, maar was nog altyd huiwerig om elke area van jou lewe ten volle aan Hom oor te gee. Dalk is jy net doodgewoon hardekwas en bitter en sê jy vir jouself: 'Hoekom sal ek nou eintlik wil oorgee? Moet God nie eers iets doen om my oorgawe te verdien nie?'

Dan herinner ek jou vandag. Hy het gegee. Hy het alles gee. Hy het

sy beste gegee en Hy het dit vir JOU gegee. Baie van ons kom by 'n plek uit waar ons twyfel aan sy liefde vir ons. Ons voel teleurgesteld en ontnugter en kyk na ons eie seer en situasie en dan wonder ons. Ons wonder of Hy ons regtig lief het. Mag ek jou vandag probeer oortuig deur jou net na een ding te wys? Die kruis. As jy ooit wonder of Hy jou liefhet, kyk net weer na die kruis. Moet asseblief net nie ligtelik kyk nie. Kyk diep en kyk lank en sien dat Hy Hom moes oorgee sodat jy jou ook nou kan oorgee.

Hy het my gered omdat Hy eerste gegee het en al wat ek kan doen, is om op sy liefdesdaad te antwoord.

Ek kan met alle oortuiging sê dat my verhaal een van genade is. Ek weet alte goed dat as dit nie vir Hom was nie, ek nie sou kon doen wat ek nou doen nie. Hy het my gered omdat Hy eerste gegee het en al wat ek kan doen, is om op sy liefdesdaad te antwoord. Hierdie gedagte oorweldig my. Dis asof ons 'n duet saam sing waar Hy altyd die eerste reël sing en ek net antwoord. Ek spot altyd en sê vir mense ek is jaloers op God, want ek weet Hy't die mooiste stem in die heelal. Dis so onregverdig! Hy sing die mooiste melodie en al wat ek kan doen, is om daarop te antwoord. En dit is aanbidding – om met my lewe, woorde en dade te antwoord op die openbaring van wat Hy gedoen het en wie Hy is. As jy nog nie oortuig is van sy liefde vir jou en dat Hy alles kom gee het nie, laat my toe om nog 'n storie met jou te deel. Ek skryf vanaand hierdie hoofstuk terwyl 'n sekelmaan vir my deur die venster loer en ek dink terug …

Sekelmaanstories

In my eerste jaar by C-Kruis, 'n Diensjaar vir Christus-groep waar ek vier jaar lank bedien het, het die Here my hart op 'n besondere manier gewen. Ek het die boek *The Divine Romance* deur Gene Edwards begin lees en God se hart vir sy beminde bruid het in my begin brand. Aan die einde van my eerste jaar moes ek 'n kort produksie skryf oor God se hart vir 'n gebroke wêreld. Edwards se boek, die verhaal van Hosea en die Matteus-video het hierdie grootse verhaal van liefde vir my oopgebreek. Bruce Marchiano (die akteur wat Jesus in die Matteus-video speel) se boek *In the Footsteps of Jesus* het my 'n kant van Jesus gewys wat ek nooit geken het

nie. Passievol, sterk, gefokus, vol vreugde en 'on a mission of redemptive love'. Dit het letterlik gevoel of ek op Hom verlief raak. My emosies het oorgeloop en ek het joernale vol oor hierdie nuwe openbarings geskryf. Jesus was alles vir my – my Held, my Vriend en ook my Koning. Die boek Hooglied het 'n nuwe betekenis gekry toe ek dit ook lees as 'n metafoor vir ons ewige liefdesverhouding met Jesus. Uit hierdie openbaring van Hom as Bruidegom het baie liedjies begin vloei – Hy het gewys en ek het geskryf, meestal in Engels. Ons C-Kruis *band* het aan die einde van daardie jaar ons eerste album opgeneem. Ons naam was *Anoetic*, wat beteken: 'That which cannot be conceived by the human mind' (Wat nie deur die menslike verstand bedink kan word nie). Dít was hoe ons liedjies was – ons is aangegryp deur die groot misterie, die verhaal van liefde wat in die ewigheid afspeel en waarvan ons 'n deel kan wees. Die grootste deel van daardie album het gegaan oor ons liefdesverhouding met Hom. Juis in hierdie tyd het iemand my geleer: 'Ministry is born out of intimacy' (Bediening word gebore uit intimiteit). Om in 'n daaglikse, intieme verhouding met Jesus te lewe, sal altyd die begin en die bron van enige gesonde bediening wees. Dis soos 'n huwelik. Die huwelik kom altyd voor die kind. En die kind mag nooit belangriker as die huwelik wees nie.

'Ministry is born out of intimacy.'

Ná vier jaar by C-Kruis is ek met hierdie openbarings in my hart Potchefstroom toe beroep. Daarvandaan het 'n groep van ons een vakansie Hartenbos toe gery vir die New Song Festival, 'n Christelike musiekfees waar *bands* van dwarsoor die land die Here se Naam kom verheerlik het. Op pad terug het ons besluit om deur die nag te ry. Gedurende my skof deur die Karoo het ek iewers naby Graaff-Reinet agter die stuur van my kar 'n lewensverandernde ontmoeting met die Here gehad. Ek het nog so gery toe ek skielik om 'n draai kom en die maan amper oordrewe groot hier voor my in die pad lê. Dit was 'n sekelmaan. Die skoonheid van die oomblik het my gegryp en dit was asof ek Jesus die mees intieme liefdeswoorde hoor fluister het. Die fluister het in 'n lied oorgegaan waarin die Bruidegom van die eeue sy liefdeslied vir sy bruid sing. Die woorde het net gekom en ek het dit probeer onthou. Omtrent almal in die kar het geslaap behalwe

Izet Kleynhans, ’n vriendin en kollega, wat ek toe gevra het om die woorde neer te skryf. Daar in die dowwe maanlig op ’n stukkie papier is die woorde van een van die mees intieme liefdesliedere ooit toe neergepen. Ek sou nooit kon dink dat wat daardie aand gebore is soveel impak op mense se lewens sou hê nie. As mense my met daardie liedjie komplimenteer, kan ek geen eer daarvoor vat nie. Ek weet dit was ’n wonderwerk, net soos ek ook weet dat dit al wondere in mense se lewens bewerk het. Ons het deurnag gery en ek was baie bang dat ek die melodie sou vergeet. Ek het dit oor en oor in my kop gesing, sonder enige begeleiding. In Potchefstroom aangekom het ek feitlik dadelik by Leza gaan aanklop sodat ons dit op die klavier kon verwerk. Soos altyd was sy briljant met die akkoorde en ek kon in rustigheid die woorde en musiek bymekaar sit. ‘Sekelmaan’, ’n liefdeslied van Jesus die Bruidegom, kon ook in Afrikaans aan sy geliefde bruid gesing word.

Ons het dit die eerste keer in die openbaar gesing tydens die PUK se talentkompetisie. Ons is gevra om die gala-aand te open. Die eerste twee verse en koorgedeelte klink amper soos ’n gewone liefdeslied wat ’n ou vir ’n meisie sing en die ongeveer duisend toeskouers in die PUK-ouditorium het daardie aand na die lied geluister soos na enige ander – totdat ons by tweede vers gekom het.

‘Al sou jy ook die deur in my gesig toeslaan
en die leuens bly glo dat Ek net nie bestaan,
sal ek nog steeds my liefde vir jou kom wys –
’n gebreekte lyf wat hang aan ’n kruis.’

Toe ons klaar gesing het, was dit tjoepstil. Ek het opgekyk en orals mense sien huil. Die Gees van God het harte kom aanraak en lewens verander. Ek het al bewend, bewus van sy heilige teenwoordigheid, van die verhoog afgestap en geweet die Vader het iets bonatuurliks aan my toevertrou.

Ek sal nooit die groot impak kan beskryf wat hierdie eenvoudige lied deur die jare gehad het nie. Ek kan geen krediet daarvoor neem nie. Die boodskap van ‘Sekelmaan’ is eenvoudig: Jesus, die Bruidegom van die

ewigheid, wat die liefdeslied van die eeue oor sy bruid sing. Soveel maal moes ek opnuut stilstaan en toelaat dat hierdie woorde my ook bedien, want dit klink dikwels te goed om waar te wees. Ek het al te veel kere onwaardig gevoel dat die Prins van die hemele hierdie woorde ook oor my wil sing. Maar dit is die waarheid en dit is genade. Miskien het jy ook vandag nodig om hierdie evangelie, hierdie goeie nuus, opnuut te hoor. Luister hoe Jesus self hierdie woorde oor jou sing.

Sekelmaan

Vanaand se sekelmaan is net vir jou
Mag hy dans tot in jou hart en sy arms om jou vou
Want as hy kon praat sou hy eenvoudig sê
Hoe diep my liefde hier binne vir jou lê.

Mensekind, ek weet jou hart is broos,
Want die twyfel trek jou skeef
En jy’s leeg en moedeloos,
Maar as jy my oë vir ’n oomblik sou kon leen,
Sou jy ’n bruid sien, in wit geklee.

En weet jy wie dit is, kan jou aardse siel begryp
Na wie ek verlang?

Dit is jy, my bruid in ewigheid –
Een kyk van jou oë en die hout se pyn verdwyn.
Dit is jy, geliefde van my sy –
Ek is hier, hier by jou, in jou, om jou net lief te hê.

En al sou jy ook die deur in my gesig toeslaan
En die leuens bly glo dat ek net nie bestaan,
Sal ek nog steeds my liefde vir jou kom wys –
’n Gebreekte lyf wat hang aan ’n kruis …

En weet jy wie dit is, kan jou aardse siel begryp
Na wie ek verlang?
Dit is jy, my bruid in ewigheid –
Een kyk van jou oë en die hout se pyn verdwyn.
Dit is jy, geliefde van my sy –
Ek is hier, hier by jou, in jou, om jou net lief te hê.

En dan sien ek hoe Hy op ons antwoord wag. Ek sien hoe Hy ook vandag by jou hart se deur staan en luister of jy saam met Hom gaan sing. Liefde wat nie beantwoord word nie, is seker een van die hartverskeurendste dinge wat bestaan. Hoeveel te meer moet God se hart nie breek as mense nooit hierdie liefde sien nie en derhalwe nooit beantwoord nie?

Ek sukkel ook baie maal om Hom net lief te hê. Ek sukkel om te onthou dat ek nie met 'n klomp godsdienstige reëls te doen het nie, maar met 'n Persoon. Maar dan kom daar oomblikke waar ek net onthou waaroor dit alles gaan. Oomblikke van intimiteit waar die wêreld maar kan vergaan, want als wat saak maak, is Hy. Hierdie intieme tye saam met my Here wil ek vir niks in hierdie wêreld verruil nie. Niks kan my meer as dit bevredig nie en dit is in hierdie plek waar ek saam met Dawid kan uitroep: 'Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie'. Dit is dan asof die geraas om my verdwyn, ek in die ewigheid ingesuig word en net verlang. Verlang na Hom. Na Jesus. Net Jesus. Jesus.

Wanneer God in Openbaring 2 met die gemeente van Efese praat, sien ek myself gereeld in daardie kerkbanke sit. En ek sien hoe Hy sê: 'Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding … Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie' (Op 2:2, 4, 1983-vertaling). Hy sê dit nie uit veroordeling of woede of teleurstelling nie. Eerder met 'n diep verlange, asof Hy my mis. Asof Hy dit mis dat ek nie meer in alle eenvoud, soos op daardie wintersdag in Junie lank gelede, net vir Hom sê ek is lief vir Hom nie.

Kan dit wees dat my liefde werklik so baie vir Hom beteken? Kan dit wees dat God begeer om ons liefdesverklarings te hoor? Is dit nie verregaande nie? Is dit nie te goed om waar te wees nie?

As ek die Bybel reg verstaan, is daar 'n bruilof wat wag. 'n Grote. 'n

Bruilof waarvoor die Bruidegom sy lewe gegee het. Liefde het Hom sy alles gekos; sou Hy nie ook graag daardie liefde beantwoord wou hê nie? Noem my maar 'n romantikus, maar ek glo met my hele hart dat daar 'n liefdesverhaal geskryf staan in die sfere van die ewigheid waarvan die aardse huwelik in sy allerbeste vorm net 'n dowwe refleksie is.

Genade wat gee en lief het

Die verhaal word vertel van die skrywer C.S. Lewis wat een maal in 'n gesprek oor godsdiens ingestap het. Van sy kollegas het blykbaar die hele dag sit en filosofeer en redeneer oor die verskil tussen die Christelike geloof en die ander gelowe van die wêreld. Hoe meer hulle gepraat het, hoe minder kon hulle by 'n antwoord uitkom. Dit was op daardie tydstip dat Lewis by hulle aangesluit het en hulle die vraag aan hom rig. Hy het vir 'n oomblik nagedink en toe gesê: 'O, dis maklik. Dis genade.'

Genade alleen. Alle ander godsdienste vereis altyd dat die mens die brug moet bou na God toe, hetsy deur goeie werke, offers of jare se perfekte lewe. Maar wanneer dit by Jesus kom, word alles omgekeer. Genade leer ons dat Hy eerste gegee het en sodoende die wêreld met die Vader versoen het. Genade maak dat selfs die sondaar op die kruis langs Jesus gered kon word, al kon hy niks meer doen om sy plek in die paradys te verdien nie. Genade sê jy verdien dit nie, maar God gee dit vrylik en sonder voorbehoud. Genade herinner jou ook vandag aan 'n sekelmaan wat oor sy liefde sing. Wat van jou? Het jy al ooit werklik sy liefde beantwoord? Dalk is jy baie meer linkerbrein-georiënteerd (rasioneel en analities) as ek, maar jy is nogtans 'n mens met emosies, 'n mens met 'n kapasiteit om lief te hê. Kan jy eerlik sê jy het Hom lief met alles in jou, met al jou krag en verstand?

Ek weet dat jy soms moeilik aan hierdie waarhede sluk. Jy is gewoond daaraan dat jy goeie dinge moet verdien. Jy lees die woorde van 'Sekelmaan' en dink: Dis te goed om waar te wees. Kan Hy regtig so oor my voel? Gaan die ou nie 'n bietjie te ver nie? Grens dit nie aan godslastering nie? Kan ek werklik glo dat God oor my sing? Wel, in Sefanja 3:17 (1933-vertaling) lees ons hoe God dit doen: 'Die Here jou God is by

jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.'

Ek glo met my hele hart God sing oor ons. Ons is so gewoond daaraan om negatiewe dinge oor onsself te hoor. Mense wat seergekry het, maak ander seer en daarom word ek en jy so dikwels die ontvangers (en die uitdelers) van negatiewe uitsprake, beledigings en vervloeking. Mettertyd begin ons hierdie leuens glo, en wanneer God dan sy waarheid oor ons begin spreek, sukkel ons om dit te glo. Dit is asof die muur van leuens so sterk om ons gebou is dat ons later geen waarheid kan toelaat nie, veral nie as dit goeie uitsprake is wat ons wil bemoedig en opbou nie. Mag dit dalk die rede wees hoekom jy soms sukkel om te glo dat God jou so liefhet? Mag dit dalk die rede wees hoekom jy nie op elke gebied van jou lewe wil oorgee nie? Want jy sien, as ons nie ten diepste glo dat die Een aan wie ons ons moet oorgee, ons werklik lief het nie, sal ons nooit ten volle wil oorgee nie.

As ons nie ten diepste glo dat die Een aan wie ons ons moet oorgee, ons werklik lief het nie, sal ons nooit ten volle wil oorgee nie.

Hier aan die begin van ons reis saam wil ek eerlik met jou wees. Vir baie jare, selfs as wedergebore kind van God en bedienaar van die Woord, het ek geworstel met hierdie diep vrae: Is Hy regtig goed, is Hy waarlik lief vir my en kan ek Hom werklik vertrou? Ek skryf nie nou as iemand wat aan die ander kant van al my vrae staan en nooit twyfel nie, maar ek kan wel sê dat ek met die jare eerstehands in bitter donker ure geleer het dat Hy werklik goed en betroubaar is en nooit verander nie. En dat Hy my innig lief het. Meer as wat ek ooit in hierdie lewe sal kan begryp. Hy het my om elke hoek en draai bly verras waar Hy Hom aan my geopenbaar het en my al hoe dieper ingetrek het in die wonder van sy karakter. En ek glo met my hele hart dat Hy dit ook vir jou wil doen.

Alles begin by Hom en vandag roep Hy jou terug na die begin toe. Wil jy nie vir 'n oomblik hierdie boek neersit en toelaat dat Hy jou ook kom oorweldig nie? Vra Hom om self met jou te kom gesels en Hom vir jou te wys. Bely in alle opregtheid al die vals beelde wat jy deur die jare oor Hom opgebou het en vertrou Hom dan in geloof om jou hart en denke te kom verander. Ek weet dit sal waarskynlik nie oornag gebeur nie, maar ons

moet iewers begin oorgee. Kom ons begin by die begin en antwoord net op wat Hy reeds vir ons gedoen het. Oorgee begin by liefde en Hy wag om te hoor of jy Hom gaan terug liefhê. Hy het die eerste skuif gemaak en wag nou vir jou antwoord. Hy nooi jou uit om die mooiste duet saam met Hom te sing. Kan jy dit hoor? Hoor jy hoe Hy oor jou sing? Hy het reeds die eerste reël gesing, wat gaan jy antwoord?